1 Junie 2020

Kriteria vir COVID-19-toetse in die Kaapse Metropool



Weens die landswye beperkte kapasiteit vir toetse moet ons die kwesbare lede van ons samelewing beskerm. **Net gesondheidswerkers en mense wat die grootste risiko het vir ernstige COVID-19 sal getoets word.**

Jy sal getoets word as jy:

1. in die hospitaal opgeneem word en koronavirus-simptome het
2. ouer as 55 jaar is en koronavirus-simptome het
3. enige ouderdom is en koronavirus-simptome asook een of meer van die volgende toestande het:
   - diabetes, hoë bloeddruk of hartsiekte op behandeling
   - kanker op behandeling
   - TB op behandeling
   - MIV waar ARV's nie getrou geneem word nie
   - chroniese longsiekte op behandeling (bv. asma, emfiseem of chroniese brongitis)
4. jy in 'n versorgingsentrum of tehuis vir bejaardes woon en koronavirus-simptome het
5. jy 'n gesondheidswerker is en koronavirus-simptome het

Almal wat na 'n gesondheidsfasiliteit gaan sal gesif word (vrae gevra word), maar net mense wat simptome het en in een van hierdie kategorieë val, sal getoets word.

Wes-Kaapse Regering